# Lewensvaardigheid
# Assesseringstaak Kwartaal 3
# Graad 2

Naam en Van: ___________________________________

Datum: _________________________________________

| Puntetoekenning Assesseringstaak | | |
|---|---|---|
| 1. Aanvangkennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn | 45 | |
| 2. Skeppende Kunste | 35 | |
| 3. Liggaamsopvoeding | 20 | |
| Totaal | 100 | |

Aktiwiteit 1

Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand

Punte: 45

## 1. Grond

1.1. Skryf een rede hoekom grond vir ons belangrik is. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

1.2. Hoeveel tipes grond kry ons? __________ (1)

1.3. Skryf die tipes grond neer. (3)

_______________

_______________

_______________

1.4. Verbind die tipe grond met sy regte kenmerk. (2)

| | | |
|---|---|---|
| Kleigrond | | Hierdie grond is die beste tipe grond om saad of jong plabtjies in te plant. |
| Leemgrond | | Die tipe grond se gronddeeltjies kleef aanmekaar vas as jy dit natmaak. |

## 2. Vervoer

2.1. Watter 4 verskillende tipes vervoer kry ons? (4)


____________________


____________________


____________________


____________________


2.2. Kyk na die prente en pas die regte vervoermiddel by sy naam deur 'n liniaal te gebruik. (4)











| |
|---|
| donkiekar |
| fiets |
| motor |
| vragmotor |
| motorfiets |

2.3. Watter tipe vervoer gebruik ons om die volgende te doen, byvoorbeeld padvervoer. (4)

2.3.1. Om van Suid-Afrika na Australie te reis.

______________________________

2.3.2. Om van die huis by die skool te kom.

______________________________

2.3.3. Om op die see te gaan diepsee visvang.

______________________________

2.3.4. Om van my huis na my maat se huis te ry.

______________________________

2.4. Wat is spoorvervoer?

____________________________________________________

____________________________________________________(2)

## 3. Padveilighied

3.1. Kyk na die prent en skryf 4 padreëls neer wat jy sien. (4)


1. ______________________________

   ______________________________
2. ______________________________


   ______________________________
3. ______________________________

   ______________________________
4. ______________________________

   ______________________________



3.2. Waarvoor staan die volgende padtekens? (4)

| | |
|---|---|
|   |  |
|  |  |

3.3. Is die volgende stellings waar of onwaar? (5)

3.3.1. As 'n mens fiets ry moet jy agter mekaar ry.

____________

3.3.2. 'n Mens hoef nie te stop by n oranje lig nie.

____________

3.3.3. By 'n stopsteken moet 'n mens stop en kyk of dit veilig is voordat jy ry. ________________

3.3.4. Kinders mag in die straat speel. ______________

3.3.5. Jy moet altyd jou sitplekgordel in die kar aansit.



________________

# 4. Mense wat ons help

4.1. Pas die beskrywing by die regte prent. (5)

| | | |
|---|---|---|
| Ek help diere wat siek is of seergekry het. | |  |
| Ek help mense wat siek is om gesond te word. | |  |
| Ek help jou om jou tande gesond en skoon te hou. | |  |
| Ek blus brande by huise en geboue. | |  |
| Ek beskerm jou teen skelms en hou die dorp veilig. | |  |

4.2. Skryf die name van die geboue of plekkke. (3)

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| | | |

4.3. Kies die regte woord in die blok en skryf dit by die sin wat by hom pas. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
| biblioteek | poskantoor | haarkapster | onderwyser |

4.3.1. 'n Mens pos briewe hier en koop seëls. ______________

4.3.2. Hulle leer my elke dag by die skool sodat ek kan slim raak. ______________

4.3.3. Sy sny my hare, sodat ek net jies lyk. ______________

4.3.4. Ek gaan neem boeke hier uit. ______________

| | | |
|---|---|---|
| **Puntetoekenning – Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| 1. Grond | 7 | |
| 2. Vervoer | 14 | |
| 3. Padveiligheid | 13 | |
| 4. Mense wat ons help | 11 | |
| **Totaal** | 45 | |

Aktiwiteit 2


Kreatiewe Kuns

Punte: Uitvoerende Kuns + Visuele Kuns = 35

## 2.1. Uitvoerende Kunste: Improviseer en Interpreteer

Werk in groepe van 5 en maak 'n rolspel oor een van die volgende onderwerpe:


- Padreels vir fietsryers.
- Padreels vir voertuie.
- Padreels vir voetgangers.



Jou groep sal volgens die volgende rubriek gemerk word:

| Rubriek – Uitvoerende Kunste | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Deelname: Leerder neem aktief deel deur 'n bydrae te maak t.o.v die beplanning van die rolspel. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 2. Genot: Die leerder geniet dit om deel te neem aan die skeppende aktiwiteit en gee sy samewerking. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 3. Inhoud van Rolspel: Toepaslik op die onderwerpe wat gegee is. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4. Kreatiwiteit: Was die rolspel oorspronklik en iets uitsonderlik. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Totaal | ___/20 | | | | |

## 2.2. Visuele Kuns - 2D-Ontwerp





### Opdrag:

Kies een van die volgende onderwerpe:

1. Voëls
2. Visse
3. Insekte

Teken 'n kunswerk deur gebruik te maak van **oliepastelle** in **warm kleure.** Jou kunswerk moet slegs met warm kleure wees.

Onthou warm kleure is: Rooi, oran je en geel.

Jy sal geassesseer word volgense die volgende rubriek:

| Rubriek – Visuele Kuns | | |
|---|---|---|
| 1. Die leerder se kunswerk het slegs warm kleure. | 5 | |
| 2. Die leerder het gehou by die onderwerp: Voels, visse of insekte. | 5 | |
| 3. Die leerders se kunswerk is kreatief en hy het moeite gedoen. | 5 | |
| **Totaal** | 15 | |

# Aktiwiteit 3

## Liggaamsopvoeding

## Punte: 20

## Doel van aktiwiteit – Hand-oog-koordinasie en Balansering



**Benodighede**

- Tamboeryn/trom
- Boont jiesakke

### Instruksies

Aktiwiteit 1

- Leerlinge stap in n kring met hul arms voor hulle uitgestrek, terwyl hulle n boont jiesak vashou en die juf frou 'n tamboeryn/trom speel.
- As die tamboeryn/trom ophou speel, staan hulle doodstil, gooi die sakkie in die lug en vang dit.
- Volgende plaas leerders die boont jiesak op hulle kop. Juf frou speel die tamboeryn/trom terwyl hulle in die sirkel loop. As die juf frou ophou speel mag hulle die boont jiesak van hul kop af haal. As hulle boont jiesak van hul kop af val moet hulle uit die sirkel beweeg en hulle is uit.
- Speel die balansering spelet jie totdag daar net een leerder oor is.

Aktiwiteit 2

- Die leerlinge staan twee-twee regoor mekaar.
- Hulle gooi en vang die bonesakkies vir mekaar .
- Die leerlinge wat die bonesakkies vyf keer na mekaar gevang het, gaan sit.
- As die sakkie val, begin hulle weer van vooraf.

| Rubriek – Liggaamsopvoeding Aktiwiteit 1 | | |
|---|---|---|
| 1. Leerder was instaat om boontjiesak te vang? | 4 | |
| 2. Leerder het geluister na wanneer die tamboeryn/trom speel en wanneer hy stop? | 2 | |
| 3. Die leerder kon die boontjiesak op sy kop gebalanseer het? | 4 | |
| Totaal | 10 | |

| Rubriek – Liggaamsopvoeding Aktiwiteit 2 | | |
|---|---|---|
| 1. Groepwerk - Leerder het saam met die maat gewerk om te gooi en te vang. | 2 | |
| 2. Die leerder was instaat om die boontjiesak te gooi en te vang? | 4 | |
| 3. Die leerder kon die boontjiesak 5 keer vang sonder om dit te laat val. | 4 | |
| Totaal | 10 | |